

Personeelkamer Opening

55. Die Geheim

Eendag vra die een vriend vir die ander: “Hoe is dit moontlik dat jy altyd so gelukkig is? Jy het soveel energie, en ek het jou nog nooit af of moeg gesien nie”.

Met 'n glimlag in sy oë antwoord sy vriend hom: “Ek ken die geheim!”

“Wat se geheim is dit?”

Die vriend antwoord: “Ek sal jou alles van die geheim vertel, maar jy moet my belowe, dat jy die geheim met almal sal deel”.

Hier is die Geheim:

Ek het geleer dat daar min in my lewe is wat ek kan doen om myself werklik gelukkig te maak. Ek moet op God vertrou om my gelukkig te maak en te voorsien in my behoeftes. Wanneer 'n behoefte in my lewe ontstaan, moet ek op God vertrou om dit te voorsien ooreenkomstig sy besluit.

Ek het geleer dat ek meeste van die tyd nie die helfte nodig van dit wat ek wil hê nie. Hy het my nog nooit teleurgestel nie. Vandat ek hierdie geheim geleer het is ek gelukkig.

Die ander vriend se eerste gedagte was: “Dis te simpel en eenvoudig”, maar nadat hy sy eie lewe oordink het het hy besef dat hy gedink het 'n groter huis sal hom gelukkiger maak maar nee dit het nie!

'n Meer betalende werk sal hom gelukkiger maak, maar dit het nie.

Wanneer was hy op sy gelukkigste? Toe hy saam met sy kleinkinders op die mat gesit het, speletjies speel, pizza eet en vir hulle 'n storie gelees het.

'n Geskenk van God.

Nou weet jy dit ook!

Mens kan nie op mense vertrou om jou gelukkig te maak nie.

GOD en Sy wysheid alleen kan dit doen.

Vertrou op Hom!